# Insekte & grond



## Benodighede:

1. Insekte speelgoed
2. Grafies en harkies
3. Emmer met water
4. Bak vir grond. Ek het 'n ou oondpan gebruik.



## Metode:

1. Gooi grond in die oondpan.
2. Gooi dan die insekte bo-op die grond.
3. Ek het grafies en harkies rondom die oondpan geplaas, sodat sy lekker in die grond kan speel.
4. Ek het 'n emmer met water by die oondpan geplaas. My dogtertjie is baie lief vir water en ek het geweet sy gaan die water by die grond gooi, of anders om. Daar is niks beter as 'n morsige, modder speel nie.



Ek het vir my dogtertjie vertel van die verskillende insekte en hul name.
Ek het 'n by se geluid gemaak en met hom in die lug gevlieg. Sy het ook later met die goggas in die lug gevlieg. Dit was vet pret!